# ConvergeNet

**ConvergeNet Holdings Limited en sy filiale**
(Registrasienommer 1998/015580/06)
JSE-kode: CVN ISIN: ZAE000102067

# ONGEOUDITEERDE TUSSENTYDSE RESULTATE
## VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2012

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | Ongeouditeer ses maande geëindig 29 Feb 2012 R'000 | Ongeouditeer ses maande geëindig 28 Feb 2011 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 31 Aug 2011 R'000 |
|---|---|---|---|
| Inkomste | **416 522** | 496 572 | 1 029 363 |
| Ander bedryfsinkomste | **3 343** | 1 238 | 1 749 |
| **Inkomste** | **419 865** | 497 810 | 1 031 112 |
| **(Verlies)/verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasiekoste (EBITDA)** | **(16 818)** | 25 550 | 40 583 |
| Waardevermindering en amortisasiekoste | **(7 884)** | (6 358) | (13 340) |
| **Bedryfs(verlies)/wins** | **(24 702)** | 19 192 | 27 243 |
| Beleggingsinkomste | **1 321** | 1 745 | 4 293 |
| Deel van wins van gassosieerde maatskappye | **2 982** | 3 511 | 9 360 |
| Wins met die verkoop van deel van belegging in geassosieerde | **16 363** | – | – |
| Billikewaarde-aanpassing van belegging | **(5 140)** | – | – |
| Finansieringskoste | **(899)** | (1 265) | (2 284) |
| **Verlies/wins voor belasting** | **(10 075)** | 23 183 | 38 612 |
| Belasting | **3 738** | (5 450) | (7 720) |
| **Totale omvattende inkomste vir die tydperk** | **(6 337)** | 17 733 | 30 892 |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | |
| Ekwiteitshouers van die moedermaatskappy | **(1 449)** | 11 897 | 23 557 |
| Nie-beherende belange | **(4 888)** | 5 836 | 7 335 |
| | **(6 337)** | 17 733 | 30 892 |
| Basiese (verlies)/verdienste per gewone aandeel (sent) | **(0.16)** | 1.34 | 2.66 |
| Verwaterde basiese (verlies)/verdienste per gewone aandeel (sent) | **(0.16)** | 1.33 | 2.65 |
| Geweegde gemiddelde getal aandele | **890 644 784** | 890 568 322 | 885 225 634 |
| Ten volle verwaterde geweegde gemiddelde getal aandele | **896 148 185** | 896 865 941 | 889 353 185 |
| Totale getal uitgereikte aandele | **921 285 941** | 915 115 941 | 915 115 941 |
| Wesens(verlies)/verdienste per aandeel | **(1.84)** | 1.35 | 2.70 |
| Verwaterde wesens(verlies)/verdienste per aandeel (sent) | **(1.82)** | 1.34 | 2.68 |
| **Rekonsiliasie tussen basiese en wesens(verlies)/verdienste** | | | |
| Basiese (verlies)/verdienste toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van moedermaatskappy | **(1 449)** | 11 897 | 23 557 |
| Verlies met die verkoop van bates | **86** | 130 | 528 |
| (Wins)/verlies met die verkoop van filiale en geassosieerde maatskappye | **(16 363)** | – | 74 |
| Verswakking van klandisiewaarde | **–** | – | 77 |
| Belastinguitwerking van wins met die verkoop van filiale en geassosieerde maatskappye | **1 374** | – | – |
| Deel van aanpassings toeskryfbaar aan nie-beherende belange | **–** | – | (363) |
| **Wesens(verlies)/verdienste** | **(16 352)** | 12 027 | 23 873 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **50.9** | 51.6 | 52.7 |
| Netto tasbare batewaarde per aandeel (sent) | **29.6** | 29.4 | 30.9 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| | Ongeouditeer ses maande geëindig 29 Feb 2012 R'000 | Ongeouditeer ses maande geëindig 28 Feb 2011 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 31 Aug 2011 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Saldo aan begin van die tydperk** | **546 394** | 513 065 | 513 065 |
| Totale omvattende (verlies)/inkomste vir die tydperk | **(6 337)** | 17 733 | 30 892 |
| Dividende | **(13 516)** | – | – |
| Uitreiking van tesourie-aandele ingevolge verbeurbare-aandeelplan | **1 798** | 4 884 | 3 905 |
| Aandele verbeur ingevolge verbeurbare-aandeelplan | **–** | - | 3 810 |
| Transaksies met nie-beherende aandeelhouers | **(242)** | (968) | (968) |
| Eie aandele verkry deur filiale, gehou as tesourie-aandele | **–** | – | (4 310) |
| **Saldo aan einde van die tydperk** | **528 097** | 534 714 | 546 394 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND

| | Ongeouditeer soos op 29 Feb 2012 R'000 | Ongeouditeer soos op 28 Feb 2011 R'000 | Geouditeer soos op 31 Aug 2011 R'000 |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **340 315** | 328 425 | 339 249 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **46 317** | 32 111 | 35 424 |
| Klandisiewaarde | **184 816** | 184 893 | 184 816 |
| Ontasbare bates | **10 884** | 18 074 | 14 467 |
| Beleggings in geassosieerde maatskappye | **5 590** | 28 038 | 36 155 |
| Ander finansiële bates | **58 610** | 37 917 | 42 385 |
| Uitgestelde belasting | **34 098** | 27 392 | 26 002 |
| **Bedryfsbates** | **416 909** | 399 958 | 415 418 |
| Voorraad | **94 824** | 92 022 | 85 981 |
| Lenings aan groepmaatskappye | **332** | – | 332 |
| Ander finansiële bates | **8 263** | 9 309 | 6 168 |
| Lopende belasting ontvangbaar | **1 187** | 1 861 | 3 410 |
| Handels en ander ontvangbare bedrae | **275 545** | 251 640 | 252 566 |
| Kontant en kontant-ekwivalente | **36 758** | 45 126 | 66 961 |
| **TOTALE BATES** | **757 224** | 728 383 | 754 667 |
| **EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE** | | | |
| **Totale ekwiteit** | **528 097** | 534 714 | 546 394 |
| Aandeelhouersekwiteit | **468 832** | 471 891 | 482 238 |
| Nie-beherende belang | **59 265** | 62 823 | 64 156 |
| **Aanspreeklikhede** | | | |
| **Nie-bedryfslaste** | **38 002** | 29 088 | 30 066 |
| Ander finansiële aanspreeklikhede | **20 878** | 17 296 | 21 124 |
| Finansiële bruikhuurverpligting | **10 617** | 1 644 | 1 039 |
| Bedryfsbruikhuuraanspreeklikheid | **1 734** | 1 219 | 1 738 |
| Uitgestelde belasting | **4 773** | 8 929 | 6 165 |
| **Bedryfslaste** | **191 125** | 164 581 | 178 207 |
| Verkopers vir verkryging | **–** | 2 407 | – |
| Ander finansiële aanspreeklikhede | **1 639** | 1 866 | 1 652 |
| Lopende belasting betaalbaar | **9 666** | 7 637 | 4 794 |
| Finansiële bruikhuurverpligting | **776** | 568 | 841 |
| Voorsienings | **10 219** | 6 450 | 6 677 |
| Handels en ander betaalbare bedrae | **157 381** | 129 467 | 163 803 |
| Bankoortrekking | **11 444** | 16 186 | 440 |
| **Totale aanspreeklikhede** | **229 127** | 193 669 | 208 273 |
| **TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE** | **757 224** | 728 383 | 754 667 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

| | Ongeouditeer ses maande geëindig 29 Feb 2012 R'000 | Ongeouditeer ses maande geëindig 28 Feb 2011 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 31 Aug 2011 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Bedryfsaktiwiteite** | | | |
| **Kontant (benut in)/gegenereer uit bedrywighede** | **(49 636)** | (27 414) | 25 277 |
| Finansieringsinkomste | **1 321** | (571) | 4 968 |
| Finansieringskoste | **(899)** | 98 | (2 186) |
| Belasting betaal | **1 345** | (5 668) | (13 704) |
| Dividende betaal | **(13 516)** | – | – |
| **Netto kontant (benut in)/gegenereer uit bedryfsaktiwiteite** | **(61 385)** | (33 555) | 14 355 |
| **Netto kontant gegenereer uit/(benut in) beleggingsbedrywighede** | **10 942** | 3 513 | (2 829) |
| **Netto kontant gegenereer uit/(benut in) finansieringsbedrywighede** | **9 236** | (3 707) | (7 694) |
| **Netto (afname)/toename in kontant en kontant-ekwivalente** | **(41 207)** | (33 749) | 3 832 |
| Kontant aan die begin van die tydperk | **66 521** | 62 689 | 62 689 |
| **Totale kontant aan die einde van die tydperk** | **25 314** | 28 940 | 66 521 |

## VERKORTE SEGMENTALE INLIGTING

| | IT Infrastruktuur Tegnologie-oplossings Feb 2012 R'000 | IT Infrastruktuur Tegnologie-oplossings Feb 2011 R'000 | Telekom-Infrastruktuur Tegnologie-oplossings Feb 2012 R'000 | Telekom-Infrastruktuur Tegnologie-oplossings Feb 2011 R'000 | Korporatiewe, Konsolidasie en Ander Feb 2012 R'000 | Korporatiewe, Konsolidasie en Ander Feb 2011 R'000 | Totaal Feb 2012 R'000 | Totaal Feb 2011 R'000 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Inkomste** | **323 634** | 400 639 | **92 888** | 95 933 | **–** | – | **416 522** | 496 572 |
| **(Verlies)/wins uit bedrywighede** | **(11 459)** | 19 750 | **(5 024)** | 7 433 | **(8 219)** | (7 991) | **(24 702)** | 19 192 |
| Beleggingsinkomste | **747** | 284 | **32** | 228 | **542** | 1 233 | **1 321** | 1 745 |
| Deel van wins van geassosieerde maatskappye | **629** | 146 | **2 353** | – | **–** | 3 365 | **2 982** | 3 511 |
| Wins met die verkoop van deel van belegging in geassosieerde maatskappy | **–** | – | **–** | – | **16 363** | – | **16 363** | – |
| Billikewaarde-aanpassing van belegging | **–** | – | **–** | – | **(5 140)** | – | **(5 140)** | – |
| Finansieringskoste | **(263)** | (640) | **(636)** | (527) | **–** | (98) | **(899)** | (1 265) |
| **(Verlies)/wins voor belasting** | **(10 346)** | 19 540 | **(3 275)** | 7 134 | **3 546** | (3 491) | **(10 075)** | 23 183 |
| Inkomstebelasting(uitgawe)/voordeel | **3 475** | (6 303) | **517** | (2 452) | **(254)** | 3 305 | **3 738** | (5 450) |
| **(Verlies)/wins vir die tydperk** | **(6 871)** | 13 237 | **(2 758)** | 4 682 | **3 292** | (186) | **(6 337)** | 17 733 |

## KOMMENTAAR

1. **Staat van voldoening**
Die verkorte gekonsolideerde finansiële inligting is opgestel ooreenkomstig IAS 34 – Tussentydse finansiële verslagdoening en is 'n opsomming van die ongeouditeerde finansiële state van die Groep vir die jaar geëindig 29 Februarie 2012, wat opgestel is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde ("IFRS"), die Noteringsvereistes van die JSE Beperk, en die Maatskappywet van Suid-Afrika.

2. **Rekeningkundige beleid**
Die geouditeerde resultate vir die ses maande geëindig 29 Februarie 2012 is opgestel ooreenkomstig die Groep se rekeningkundige beleid wat aan IFRS voldoen. Die rekeningkundige beleid wat gevolg is, is in ooreenstemming met dit wat in die vorige finansiële jaar toegepas is, behalwe die aanvaarding van alle nuwe, hersiene of gewysigde standaarde en vertolkings, wat vanaf 1 September 2011 vir die Groep van krag was.

3. **Korporatiewe bestuur**
The directors of ConvergeNet endorse the Code of Corporate Practices and Conduct as embodied in the King III Report on Corporate Governance and recognise their responsibility to conduct the affairs of ConvergeNet with integrity and accountability in accordance with generally accepted corporate practices. This includes timely, relevant and meaningful reporting to its shareholders and other stakeholders, providing a proper and objective perspective of ConvergeNet.

4. **Verandering in die direksie**
Mnre Lester Peteni, Ben Kekana en Ross Macdonald het met ingang van 21 Januarie 2012 uit die direksie bedank. Na aanleiding van mnr Peteni se bedanking is mnr Sandile Swana, 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur, as tussentydse voorsitter van die direksie aangestel. Mnr Mpho Scott het ná die einde van die verslagtydperk, op 2 April 2012, bedank. Soos aandeelhouers bewus is, is die maatskappy besig met 'n verandering in die beheer en verpligte aanbod, en die direksie sal mettertyd herstruktureer word.

5. **Bedryfsresultate**
Inkomste het met 16% gedaal in vergelyking met die vorige tydperk, hoofsaaklik as gevolg van die vertragings in die toekenning en implementering van sommige groot kontrakte. Die meeste van hierdie kontrakte is toegeken, en die onlangse implementering van 'n groot kontrak het in Februarie 2012 'n aanvang geneem, wat sal lei tot beter resultate in die tweede helfte van die finansiële jaar.

As gevolg hiervan en gepaard met die feit dat sommige van die filiale aansienlike uitgawes aangegaan het om hulle vir die kontrakte gereed te maak, het die Groep 'n bedryfsverlies van R24.702 miljoen gelei vergeleke met 'n bedryfswins van R19.192 miljoen in die ooreenstemmende tydperk.

Ondanks die wins wat gerealiseer is met die verkoop van 'n deel van die belegging in 'n geassosieerde maatskappy en die daaropvolgende verandering in die rekeningkundige erkenning ná die verkoop (sien aantekening 6 hieronder) het die Groep 'n verlies van R6.337 miljoen ten opsigte van die tydperk gely vergeleke met 'n wins van R17.773 miljoen in die ooreenstemmende tydperk, wat verdienste/(verlies) per aandeel van (0.16) sent in vergelyking met 1.34 sent in die vorige tydperk van ses maande.

Die balansstaat van die Groep staan steeds sterk met bitter min leningskapitaal wat daarin voorkom. Dit plaas die Groep in 'n goeie posisie in moeilike tye en vir toekomstige geleenthede.

6. **Korporatiewe bedrywighede**
Met ingang van 1 September 2011, het ConvergeNet die oorblywende 10%-belang in Structured Connectivity Solutions (Pty) Ltd ("SCS") vir 'n koopteenprestasie van R239 520 in kontant verkry. Na afloop van die bogenoemde het ConvergeNet nou 'n belang van 100% in SCS. Die SCS-onderneming het oor die afgelope ses maande 'n positiewe ommeswaai getoon vergeleke met die vorige tydperk van ses maande en het 'n soliede stroom van nuwe projekte.

Met ingang van 1 December 2011, het ConvergeNet 5% van sy 20%-aandelebesit in FutureCell, 'n geassosieerde maatskappy, vir 'n bedrag van R11.812 miljoen in kontant van die hand gesit. ConvergeNet het aansienlike invloed verloor, en sy oorblywende belang van 15% is geklassifiseer as 'n belegging in finansiële instrumente teen billike waarde deur wins en verlies. Wins met die verkoop is bereken ingevolge IAS 28. Die oorblywende belang van 15% is op 29 Februarie 2012 teen R41.662 miljoen gewaardeer, en aandeelhouers word daaraan herinner dat die maatskappy 'n koop- en-verkoop-opsie-ooreenkoms aangegaan het met betrekking tot die aandelebesit, welke ooreenkoms oor die volgende drie jaar uitgeoefen kan word.

7. **Dividend**
Die verklaring van kontantdividende sal steeds deur die direksie oorweeg word tesame met 'n evaluasie van huidige en toekomstige finansieringsvereistes en sal aangepas word tot vlakke wat ten tyde van die verklaring as toepaslik beskou word.

ConvergeNet se voortgesette verbintenis tot die optimale benutting van kontant sal beteken dat kontant wat deur die bedrywighede gegenereer word, gebruik sal word om groei te finansier. Gevolglik is geen dividend vir die oorsigtydperk voorgestel nie.

'n Kontantdividend van 1.5 sent per aandeel is op 28 Desember 2011 aan aandeelhouers betaal.

8. **Vooruitsigte vir die bedryf en die groep**
Daar bestaan steeds 'n aansienlike vraag na die Groep se produkte, oplossings en dienste. Terwyl talle geleenthede as gevolg van die huidige ekonomiese toestand agterweë gehou is, sal daar op kort en medium termyn in dié behoeftes voorsien word. Ons verwag dus dat die marktoestande oor die volgende ses maande en daarna sal verbeter. Die vloei van besigheid in die meeste van die onderliggende filiale is groot met stewige vooruitsigte.

Die direkteure van ConvergeNet is tevrede dat die fundamentele faktore van die besighede steeds gesond is, en die Groep sal steeds omsigtig in voorheen geïdentifiseerde strategiese groeigebiede belê.

9. **Gebeure ná die balansstaatdatum**
Daar was geen beduidende gebeure na die einde van die verslagtydperk tot die datum van hierdie verslag wat aanpassings of openbaarmaking verg nie.

10. **Slot**
ConvergeNet bedank al ons belanghebbendes. Ons is dankbaar vir die voortgesette verbintenis en steun van ons klante, werknemers, leweransiers en aandeelhouers.

Vir en namens die direksie

**S Swana**
Voorsitter

**PWJ Bouwer**
Hoof uitvoerende beampte

Opsteller: **DF Bisschoff CA(SA)**

Pretoria
26 April 2012


**KORPORATIEWE INLIGTING**

**Direkteure:** S Swana *(Voorsitter), PWJ Bouwer (HUB), DF Bisschoff (HFB), G Edwards, MJ Krastanov^*, T Modise, DD Tabata*, H van Dyk, L Mangope^*
*(*Nie-uitvoerend ^ Onafhanklik)*

**Maatskappysekretaris en geregistreerde kantoor:** Arcay Client Support (Pty) Limited, Arcay House II, Anerley-weg Nommer 3, Parktown, 2193

**Besigheidsadres:** Block D, 272 West Avenue, Lakefield Office Park, Centurion, 0157

**Posadres:** PO Box 10789, Centurion, 0046

**Oordragsekretaris:** Computershare Investor Services (Pty) Limited, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001

**Borg:** Arcay Moela Sponsors (Pty) Limited, Arcay House II, Anerley-weg Nommer 3, Parktown, 2193

**Epos:** info@convergenet.co.za

**www.convergenet.com**


NORTHERN GRAPHICS J11/00546